NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT-EKSAMEN
MEI 2024

# AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL: VRAESTEL I

Tyd: 2½ uur                                                                 100 punte

---

**LEES ASSEBLIEF DIE VOLGENDE INSTRUKSIES NOUKEURIG DEUR**

1. Hierdie vraestel bestaan uit 18 bladsye. Maak asseblief seker dat jou vraestel volledig is.

2. Hierdie vraestel bestaan uit VIER AFDELINGS:

   Afdeling A    Lees- en Visuele Begrip (30 punte)
   Afdeling B    Opsomming (10 punte)
   Afdeling C    Poësie (30 punte)
   Afdeling D    Taalvaardigheid (30 punte)

3. Beantwoord al die vrae.

4. Beplan jou antwoorde deeglik voordat jy dit neerskryf.

5. Begin elke vraag op 'n nuwe bladsy.

6. Nommer jou antwoorde presies soos die vrae genommer is.

7. ALLE vrae **moet in Afrikaans** in jou Antwoordboek beantwoord word.

8. Dit is in jou eie belang om leesbaar te skryf en jou werk netjies aan te bied.

---

IEB Copyright © 2024

## AFDELING A LEES- EN VISUELE BEGRIP

## VRAAG 1 LEESBEGRIP – INTERNETARTIKEL

**Bestudeer die teks hieronder en beantwoord dan die vrae wat daarop volg.**

### Troeteldierhelde wat lewens beskerm of red

1 'n Troeteldier is 'n dier wat 'n persoon vir geselskap of vermaak aanhou, eerder as 'n werkende dier. Twee van die gewildste troeteldiere is honde en katte; die tegniese term vir 'n katliefhebber is ailurofiel en vir 'n hondeliefhebber is dit sinofiel. Daar is ook troeteldiere wat werkende diere is. Die volgende diere was baie dapper en het mense in verskillende oorloë of krisisse gehelp.

**LEX**

2 Lex en sy hanteerder, J. Lee, was in November 2006 in Irak en het as 'n patrolleerspan gewerk om plofstowwe op te spoor. 'n Week voor sy 21ste verjaarsdag is Lee tragies dood tydens 'n aanval op hul basis. Ten spyte van Lex se eie beserings, het hy geweier om Lee se liggaam alleen te laat en het Lee probeer beskerm teen enigeen wat dit naby hom wou waag.

3 Lex het later van sy beserings herstel en weer sy pligte hervat. Dié opspoorhond het intussen ophou werk en is aan Lee se familie gegee, waar hy vir die res van sy lewe met waardering en liefde versorg is.

**SMOKY**

4 Smoky was een van die kleinste oorlogshonde waarvan ons weet, en het maar 1,81 kg geweeg en was 18 cm hoog. Hierdie klein Yorkshireterriër het tydens die Tweede Wêreldoorlog in die Stille Oseaan by 'n mediese teater diens gedoen. 'n Amerikaanse soldaat het haar in Nieu-Guinee gekry en haar op 12 missies saamgeneem. Smoky het 150 aanvalle oorleef en het altesaam agt toekennings vir haar werk ontvang.

5 Smoky is die eerste terapiehond wat in amptelike rekords aangeteken is. Haar diens het in Julie 1944 begin en sy het vir 12 jaar lank, gedurende en ná die oorlog, gewerk.

**SIMON**

6 Simon, 'n swart-en-wit korthaarkat, het in die Britse Koninklike Vloot diens gedoen en was hulle gelukbringer. Hy het op die skip rotte gejag. Tydens die Sjinese Burgeroorlog is Simon beseer en die matrose het gedink hy gaan nie die nag oorleef nie, maar hy het!

7 Simon het drie verskillende toekennings vir sy dapperheid ontvang. Simon is die enigste kat wat nog ooit die Dickin-medalje vir dieremoed en -dapperheid gekry het. Toe Simon later sterf, is hy met 'n volle vloot-eerbewys begrawe.

**TIDDLES**

8 Tiddles, 'n gebore en getoë skeepskat, was in die vroeë 1940's die kat van die Kaptein van die Britse Koninklike Vloot se vliegdekskip, die *HMS Victorious*. Ons glo dat hy uitstekende diens verrig het, aangesien hy meer as 30 000 myl gedurende sy vlootdiens gereis het. Tiddles kan een van die redes wees waarom Brittanje swart katte as gelukbringers sien.

IEB Copyright © 2024













**Suid-Afrika het ook ons eie diereheld:**

**DONNA**

9 Die stigter van *Gift of the Givers*, dr. Imtiaz Sooliman, het gesê dat hy beïndruk is met Donna, van die SAPD se K9-honde-eenheid in Lichtenburg, omdat sy op 13 Februarie 2023 gehelp het om 'n 80-jarige vrou wat nog gelewe het, onder die puin van 'n gebou te vind. 'n Aardbewing het dele van Turkye en Sirië verpletter. Hierdie Suid-Afrikaanse K9-honde-eenheid is na Atakya Merkez, in die Hatay-provinsie van Turkye, gestuur om te help om slagoffers, wat nog onder die puin van geboue vasgekeer was, te probeer red. Adjudant-Offisier Tinalia Gouws, Donna se hanteerder, sê sy is baie trots daarop dat Donna, as 'n werkende hond, kon help om 'n mens se lewe te red.

10 Al hierdie troetel- en werkdiere was ongelooflike en brawe klein helde wat hulle lewens gewaag het om mense op te beur of te help.



[Bronne: <Diereklets.co.za / historiese-helde-n-huldeblyk-aan-diere-wat-lewens-gered-het en lowvelder.co.za / canine-and-handler-from-lydenburg-part-of-earthquake-rescue-efforts-in-turkey> (verwerk en vertaal)]

1.1 Verduidelik **in jou eie woorde** wat 'n **sinofiel** is. (1)

1.2 Wanneer sal 'n dier as 'n **werkende** dier geklassifiseer word? (1)

1.3 Watter tipe werk het Lex verrig? (1)

1.4 Noem **een** manier waarop Lex sy lojaliteit teenoor J Lee bewys het. Jy mag **nie aanhaal nie**. (1)

1.5 Wat van Smoky se voorkoms maak haar so 'n unieke oorlogshondjie? (1)

1.6 Tot watter jaar was Smoky nog as terapiehond gebruik? (1)

1.7 Haal **ses opeenvolgende woorde** uit paragraaf 6 aan om die onderstaande stelling te motiveer:

Die bemanning van die skip het gedink hulle gelukbringer, Simon, sou sterf. (1)

1.8 Hoe voel die Britte, anders as mense in die meeste ander lande, oor swart katte? (1)

**Lees paragraaf 9**

1.9 Wat moes Donna en haar hanteerder in Turkye gaan doen? (1)

1.10 **Watter woord** in paragraaf 9 dui aan dat mense **onskuldig** in die natuurramp vasgevang was? (1)
**[10]**

IEB Copyright © 2024

## VRAAG 2 VISUELE BEGRIP – ADVERTENSIE

**Bestudeer die onderstaande advertensies en beantwoord die vrae wat daarop volg in jou eie woorde.**

A





B




C




D



**Kyk na advertensie A:**

2.1 Watter boodskap dra die leer wat teen die koppie staan, oor? (1)

2.2 Verduidelik **hoe** die adverteerder op 'n **spelerige manier** die leser se aandag trek. (1)

**Kyk na advertensie B:**

2.3 Noem **twee verskillende dinge** wat die advertensie gebruik om ons te probeer oorreed dat dit nie verkeerd is om sigarette te rook nie. (2)

**Kyk na advertensie C:**

2.4 Watter soort Nescafé-produk word geadverteer? (1)

2.5 Waarom probeer die adverteerder om die produk soos parfuum te laat lyk? (1)

2.6 Haal die **twee woorde** uit die advertensie aan wat **beklemtoon** dat hierdie produk baie **eksklusief** is. (1)

**Kyk na advertensie D:**

2.7 **Wat** is die natuur se kitskos? (1)

**Kyk na al die advertensies.**

**Kies die korrekte antwoord. Skryf slegs die vraagnommer en die letter neer.**

2.8 Die advertensie wat om gesondheidsredes **nie sosiaal aanvaarbaar is nie**, is advertensie ___.

A A
B B
C C
D D (1)

2.9 **Watter twee advertensies** bemark gesonde eetgewoontes?

A In advertensie A en B.
B In advertensie C en D.
C In advertensie A en D.
D In advertensie B en D. (1)

**[10]**

IEB Copyright © 2024

## VRAAG 3 VISUELE BEGRIP – SPOTPRENT

**Bestudeer die spotprent. Beantwoord die vrae wat volg.**




[Bron: Die Burger, 17 Januarie 2018]

**Die nuwe skooljaar het begin.**

3.1 Hoe kan ons aan die ma **(A)** se **gesigsuitdrukking** sien dat sy baie **bly** is? (1)

3.2 Hoe kan ons aan die ma **(A)** se **liggaamstaal** sien dat sy baie **bly** is? Noem twee dinge. (2)

3.3 Watter visuele leidraad wys vir ons dat die hond **nie kwaai is nie**? (1)

3.4 **Wat** doen die man **(B)** wat sleg vir sy gesondheid is? (1)

3.5 **Hoe** groet die man **(B)** die kinders wanneer hulle skool toe gaan? (1)

3.6 Watter **sportsoort** gaan die seuntjie **(C)** hierdie dag by die skool speel? (1)

3.7 Hoe wys die meisie **(D)** dat sy haar ma se reaksie vreemd vind? (1)

3.8 Noem **enige twee** van die kinders se speelgoed wat in die tuin is. (2)

**[10]**

**30 punte**

IEB Copyright © 2024 

## AFDELING B OPSOMMING

## VRAAG 4 Wenke vir eienaars van honde en katte

- Som die vyf wenke vir eienaars van troeteldiere op.
- In elke sin moet jy sê wat **die wenk** is en ook **die rede** vir die wenk gee.
- Jou opsomming moet ongeveer **70 woorde** lank wees. Dit mag nie minder as 60 of meer as 80 woorde lank wees nie.
- Moenie sinne direk uit die teks aanhaal nie.
- Elke punt wat jy opsom mag **een of twee sinne** bevat.
- Nommer jou vyf punte 1 tot 5.
- Laat 'n reël oop ná elke punt.
- **Trek 'n streep deur jou beplanning**.

### Wenke vir eienaars van honde en katte

*Net soos om 'n ouer te wees, is daar vaardighede wat jy nodig het om 'n suksesvolle troeteldiereienaar te wees. Daar is baie meer betrokke as om net na die troeteldierwinkel of DBV te gaan en 'n hondjie of katjie te gaan haal.*

Jy wil nie bydra tot die probleem van rondloper- of ongewenste diere in jou buurt nie. So, laat jou troeteldier "regmaak". Om die een werpsel ná die ander voort te bring, plaas ook baie druk op jou troeteldier.

Troeteldiere is ook gewoontediere en het die sekuriteit van gereelde en voorspelbare voertye nodig. Voer jou diere dus op dieselfde tyd elke dag. Dit is nie 'n goeie idee om toe te laat dat diere onbeperkte toegang tot kos het nie – baie van hulle sal te veel vreet, veral as hulle verveeld of angstig voel.

Moet nooit jou diere slaan nie. Diere voel seergemaak en verward hierdeur en dit los nie enige dissiplinêre probleme op nie. Miskien haal jy net jou opgekropte woede op 'n weerlose dier uit. Moet dit nie doen nie. Gewoonlik is jou stemtoon genoeg om te wys hoe jy voel.

Troeteldiere raak dikwels weg. Jy hoef net na die "verlore" afdeling in die geklassifiseerde deel van die koerante te kyk. Kry vir jou troeteldier 'n ID-etiket. Want dan is jou kanse om hom terug te vind soveel groter.

Reël vir goeie sorg wanneer jy weggaan. Jou troeteldiere is jou verantwoordelikheid – veral wanneer jy met vakansie gaan. As jy nie 'n huisoppasser of 'n troeteldieroppasser het wat jy kan vertrou nie, moet jy liewer nie weggaan nie.

[Bron: Verwerk uit <https://www.news24.com/afrikaans/10-wenke-vir-troeteldiereienaars>]

**10 punte**

IEB Copyright © 2024

## AFDELING C POËSIE

## VRAAG 5 VOORBEREIDE GEDIG

**Lees die onderstaande gedig noukeurig en beantwoord die vrae wat volg.**

**? – Tanya Joubert**

Jou naam draai ek uit elke appelstingel,
pak dit in spoelklippies op die strand.
Ek vinger jou naam op vuil motorvensters,
toegewasemde spieëls en oor die palm van my hand.

Ek braille dit in my passerblik,
doodle dit in my tuiswerkboek, op my tas.
Jou naam pen ek oor 'n swartbord
sodat niemand dit ooit weer af kan was.

Ek ryg dit regs aan mý naam vas
en dra dit soos kraletjies om my nek,
graffiti dit op elke straathoek
soos 'n hond wat sy been lig om te sê: "Dis mý plek !"

Want jý is ál my uithangborde,
die screensaver van my brein,
die tatoeëermerk oor my hart
en, wie weet, dalk nog die T-hemp van my pyn.

Miskien het jy my naam al uitgevee. Uitgetippex!
Of dalk versier jy dit met smiley faces ( 😊😊 ) en 'n soentjie-x.
Ek sal verstaan as jy my nog nie kan spel nie,
nie eens met leestekens kan vertel nie.

Net jammer jóú naam, is nog net 'n
?

[Bron: Jacobs, J. (samesteller). 2011. *Toulopers: Verse vir Tieners*. Pretoria: Lapa.]

### Lees strofe 1

5.1 Noem **twee** maniere waarop die spreker haar geliefde se naam **skryf**.
*Jy mag nie aanhaal nie.* (2)

### Lees strofe 2

5.2 Verduidelik wat **braille** (versreël 5) regtig is. (1)

5.3 **Waarom** gebruik die spreker spesifiek **'n pen** om haar geliefde se naam op die swartbord te skryf? (1)

IEB Copyright © 2024 

**Lees strofe 3**

5.4 5.4.1 **Bepaal** die rymskema van hierdie strofe. (1)

5.4.2 **Benoem** die rymskema van hierdie strofe. (1)

**Lees strofe 4**

5.5 Verduidelik die **kontras van emosies** wat die spreker dalk kan ervaar. *Jy mag nie aanhaal nie.* (2)

**Lees strofe 5**

5.6 Wat sal dit vir die spreker beteken as die persoon die naam "uitvee" én "Uittippex!"? (1)

**Lees strofe 6**

5.7 Verduidelik **in jou eie woorde** wat die spreker met hierdie woorde bedoel. (1)

**[10]**

IEB Copyright © 2024

## VRAAG 6 VOORBEREIDE GEDIG

**Lees die onderstaande gedig noukeurig en beantwoord die vrae wat volg.**

**Strelitzia – Annie Klopper**

dit was reeds te laat vir verskonings maak
toe mevrou Susan van Breda – enkele sekondes
nadat sy die oggend om stiptelik seweuur
met 'n lang sigaret
tussen gladde naels agter die stuur
van haar luukse sedan ingeskuif het –
skielik
geskok
na die linkerkant van haar simmetries
geplaveide siersteenoprit staar

dit was reeds te laat vir verskonings maak,
ja,
maar
dalk
indien sy nie so besig was om
(met die staar saam)
aan verskonings te dínk nie
sou sy dalk ten minste redes kon kop
waarom haar seun haar strelitzia
stukkend sou wou skop

[Bron: Jacobs, J. (samesteller). 2011. *Toulopers: Verse vir Tieners*. Pretoria: Lapa.]

6.1 Noem **twee eienskappe** van hierdie gedig wat dit 'n **vrye vers** maak. (2)

**Lees strofe 1**

6.2 Waarvoor, dink jy, wou mevrou Van Breda verskonings maak? (1)

6.3 Hoe weet ons dat mevrou Van Breda by **'n vaste roetine** gehou het?
*Jy mag nie aanhaal nie.* (1)

6.4 Watter **swak gewoonte** het mevrou Van Breda gehad? (1)

6.5 Wat is die **doel** van die **alleenplasing** in versreëls 7 en 8? (1)

**Lees strofe 2**

6.6 Hoekom, dink jy, was dit reeds te laat vir mevrou Van Breda om verskonings te maak? (1)

6.7 Haal 'n voorbeeld van **parentese** uit hierdie strofe aan. (1)

6.8 Verduidelik in jou eie woorde wat versreël 18 beteken. (1)

6.9 Wat word die halfrym in die volgende versreël genoem:

"stukkend s**ou** w**ou** skop" (versreël 20)? (1)

**[10]**

IEB Copyright © 2024

## VRAAG 7 ONVOORBEREIDE GEDIG

**Lees die onvoorbereide gedig en beantwoord die vrae wat volg.**

**Kameraad – Pirow Bekker**

In my kamer is 'n komper
ek het hom na my hand geleer
ek het hom woorde toegevoeg
maar anders as ek
het hy nie vergeet nie

Hy moker my eie woorde terug
vir wie kan ek kwaad wees?
Ek het my geledig in hom
vir wie kan ek vervaard wees?

Saans ry ek met die bus na hom toe
met my OK-sak vol behoeftetjies.
In my kamer is 'n maat
in die maat is 'n laai
in die laai is ek gesleutel

êrens sal ek my nog kry
kom, komper, tyd vir kompereer

[Bron: Cillié, A.L. (samesteller). 2003. *Pret met Poësie*. Kaapstad: Human & Rousseau.]

7.1 Kies die korrekte antwoord tussen hakies. Skryf slegs die woord in jou Antwoordboek neer.

'n **Kameraad** is iemand wat jou (vriend / vyand) is. (1)

**Lees strofe 1**

7.2 Wie het die komper opgestel om alles vir hom te doen? (1)

7.3 Wat kan die komper doen wat die spreker nie kan doen nie? (1)

**Lees strofe 2**

7.4 Wat noem ons 'n strofe wat uit vier versreëls bestaan? (1)

7.5 Hoekom, dink jy, kan die spreker nie vir die komper kwaad wees nie? (1)

**Lees strofe 3**

7.6 Wie is die "hom" waarna daar in versreël 10 verwys word? (1)

IEB Copyright © 2024

7.7 Wat doen die spreker voordat hy saans huis toe gaan?

Kies die korrekte antwoord hieronder. Skryf slegs die vraagnommer en letter neer.

A Hy gaan by 'n maat kuier.
B Hy gaan na 'n rekenaarwinkel toe.
C Hy koop kruideniersware by die OK.
D Hy laat 'n sleutel vir sy laai maak. (1)

7.8 Haal 'n versreël aan wat suggereer dat die spreker in die werk op sy rekenaar **vasgevang** is. (1)

**Lees strofe 4**

7.9 Wat word **die halfrym** in die volgende versreël genoem:

"**k**om **k**omper, tyd vir **k**ompereer" (1)

7.10 Kies die korrekte antwoord hieronder. Skryf slegs die vraagnommer en letter neer.

Die heel laaste woord van die gedig is 'n voorbeeld van ...

A eufemisme.
B woordspeling.
C klanknabootsing.
D hiperbool. (1)

**[10]**

**30 punte**

## AFDELING D TAALVAARDIGHEID

## VRAAG 8 SINSTRUKTURE

**Bestudeer die spotprent hieronder en skryf dan die sinne oor soos aangedui.**




[Bron: Die Burger, 14 April 2020]

8.1 Die man haal kos uit die yskas. Die man is honger.

**Die man wat ...** (1)

8.2 Die vrou staan en praat met haar vriendin op haar selfoon.

**Verlede week ...** (1)

8.3 Die man vra vir sy vrou: "Waar het jy die roomys gebêre?"

**Die man vra vir sy vrou ...** (1)

8.4 Het jy al ooit so 'n vol yskas gesien?

**Nee, ....** (1)

8.5 Die hond bedel vir 'n bietjie kos. Hy het gister laas geëet.

**Die hond bedel vir 'n bietjie kos, aangesien ...** (1)

8.6 Die vrou het verlede week drie koeke in die oond gebak.

**Drie koeke ...** (1)

IEB Copyright © 2024

8.7 Die man wil nog iets kry om te eet. Hy het 'n uur gelede ontbyt geëet.

**Al ...** (1)

8.8 Die vrou kom van haar Pilates-oefening af. Sy bel onmiddellik haar vriendin.

**Nadat ...** (1)

8.9 Die man haal die kos uit die yskas sodat hy dit by die tafel kan eet.

**Die man haal die kos uit die yskas om ...** (1)

8.10 Die man sal die vuil borde later in die wasbak was.

**Die vuil borde ...** (1)


8.11 Die man stap na die kombuis toe; dan maak hy die yskas oop.

**Gister ...** (2)
**[12]**

## VRAAG 9 WOORDSTRUKTURE

**Lees die paragraaf wat op die spotprent gebaseer is, deur. Doen elke keer wat tussen hakies gevra word.**

**Skryf die nommer en die korrekte antwoord ONDER MEKAAR in jou antwoordboek neer.**




[Bron: Die Burger, 28 April 2020]

Dit is nou **9.1 (autumn – gee die korrekte Afrikaanse woord)** en Fanie maak sy tuin skoon. Hy gaan die **9.2 (gras snyer/grassnyer – kies die korrekte vorm van die woord)** gebruik, want die gras is baie **9.3 (lang/lank – kies die korrekte vorm van die woord)**. Dit is 'n warm dag en Fanie is al **9.4 (nat – gee die intensiewe vorm)** gesweet. Hy is besig om al die **9.5 (blaar – gee die meervoud)** in 'n klein **9.6 (hoop – gee die verkleining)** op te hark. Hy het ook die **9.7 (breek – gee die korrekte vorm van die deelwoord)** takke in die vullissak geplaas. Fanie se **9.8 (bierman/buurman/bureman – kies die korrekte spelling van die woord)** lê met sy arms **9.9 (.... – gee die korrekte voorsetsel)** die heining terwyl hy sy sigaret rook. Hulle is al **9.10 (14 – skryf uit)** jaar lank bure. Die heining aan die kant

IEB Copyright © 2024

wvan die huis is twee **9.11 (m – skryf die woord voluit)** hoog. Dit is effens **9.12 (hoog – gee die vergrotende trap)** as die heining waarop die man **9.13 (leen/leun/leuen – kies die korrekte woord)**. Die hond met **9.14 (kolle – gee die verkleining)** op sy rug is Fanie s'n. By die kruiwa is die res van die **9.15 (tools – gee die korrekte Afrikaanse woord)** wat hy in die tuin gaan gebruik. Die voertuig wat buite staan, is Fanie s'n en dit is **9.16 (baie oud – gee die intensiewe vorm)**.

**[8]**


**VRAAG 10**

**BLAAI ASSEBLIEF OM**

IEB Copyright © 2024 

## VRAAG 10 KOMMUNIKASIE

- Lees die inligting hieronder deur.
- Voer die instruksies, wat by elke situasie gevra word, uit.
- Skryf elke keer die woorde neer wat die persoon sê of dink.
- Elke respons moet **15–20 woorde** lank wees.
- Skryf elke keer die woordtelling neer.
- Moenie die vetgedrukte woorde in jou respons herhaal nie.




10.1 Catrin **(A)** is **senuweeagtig** want sy het nog nooit aan die Comrades-maraton deelgeneem nie. Skryf neer wat sy dink en wat omtrent hierdie maraton haar senuweeagtig maak. (2)

10.2 Gerda **(B)** is **opgewonde** oor die maraton en kan nie wag om te begin nie. Skryf neer wat sy dink en noem ook waarom sy so opgewonde is. (2)

10.3 Ernest **(C)** is 'n topatleet wat **spog** dat hy baie goed gaan doen in hierdie maraton. Wat sê hy vir almal wat daar staan is die rede dat hy goed gaan vaar in die maraton? (2)

10.4 Siya **(D) voel sleg** dat hy aan die maraton deelneem, want sy vrou is baie siek. Wat sê hy vir die mense om hom is die **rede** waarom hy nog steeds gaan deelneem? (2)

10.5 Jenna **(E)** sien daar is iets fout met Siya se skoen en sy wil hom **waarsku**. Wat sê sy vir Siya is die probleem met sy skoen/e? (2)

**[10]**

**30 punte**

**Totaal: 100 punte**

IEB Copyright © 2024